


VERSEKERING

Beskerm jou gesin en werkers teen 'wat as'



HULP MET KLEINSAKE

NICO VAN GIJSEN

Vandag kyk ons na die een risiko in jou onderneming wat jy net met geld kan aanpak. Erger nog, met geld wat jy nie nou het nie. Kortom: die belangrikheid van versekering vir sake-eienaars.

Ek het twee weke gelede ook hier geskryf oor risiko en toe het dit gegaan om die risiko van 'n lang lewe met te min geld, kortom: aftrede. Ek het ook genoem van die belangrikheid om 'n aftree-neseier buite die onderneming te bou.

Vandag kyk ons na die ander groot finansiële risiko. Die risiko van te vroeg doodgaan. Eintlik gaan dit oor meer as jou sterfte en veel eerder oor daardie lastige vraag "Wat as...?"

Dit is die een vraag wat mense te maklik vermy. Dit is onaangenaam om daarvoor te praat, maar dit is die verantwoordelike ding om te doen. Dit is ook die kern van jou langtermyn- finansiële beplanning as sake-eenaar.

Eerstens moet ons verstaan dat ek en jy as sake-eienaars 'n groot verpligting met ons saamdra. Sake doen, is opwindend, wins maak, is belangrik. Maar, wat as...?

Wat as jy nie meer daar is nie? Wat as jy daar is, maar nie meer kán nie? Jou werknemers en gesin is van jou afhanklik vir hul eie finansiële oorewing. Jy is dié sleutelpersoon in hul lewe, die broodwinner. Wat jy dus moet beskerm, is jou voortdurende vermoë om 'n inkomste te verdien.

Wat is belangrik? Lewensdekking. Dit is eenvoudig om te verstaan. As

jy dood is, kan jy nie werk nie.

As die onderneming in 'n maatskappy is, kan die maatskappy die lewenspolis uitneem om finansiering te verskaf sodat jou mede-aandehouers met die saak kan voortgaan, of wat regstreeks aan hulle uitbetaal. Ons praat hier van sleutelpersoon- of koop-en-verkoopversekering. Reg gestruktureer het dit boedelbelastingvoordele.

Selfs as jy 'n eenmansaak is, of dalk veral as jy 'n eenmansaak is, het jy lewensversekering nodig om jou verdienvermoë te dek sou jy sterf. Iets wat nie aldag aandag kry nie, maar wat ek as nogal belangrik beskou as jy werknemers in jou eenmansaak het, is om lewensversekering uit te neem wat hulle tot voordeel sal strek.

In baie gevalle is sulke werknemers nie in staat om op hul eie genoeg te spaar vir aftrede nie. Maar hulle gee hul werktyd vir jou om van jou onderneming 'n sukses te maak.

Dit maak vir my net sin om 'n lewenspolis op jou lewe te neem wat aan jou werknemers sal uitbetaal as jy skielik nie meer daar is om vir hulle 'n werk te bied nie. 'n Trust kan met groot vrug hier gebruik word.

Ongeskiktheid is 'n risiko net so erg as dood. Dalk erger, na gelang van hoe jy daarna kyk, want jy leef. Jy het behandeling nodig, jy moet eet, verblyf hê en alles wat daarmee saamgaan, maar jy het die vermoë verloor om geld te verdien.

Min mense raak in so 'n mate ongeskik dat hulle nie kan werk nie, maar die risiko dat jy 'n sogenaamde gevreesde siekte opdoen, is baie hoog. En daarom heg ek, en dis my persoonlike siening, meer waarde aan dekking vir gevreesde siektes as aan ongeskiktheidsdekking. As 'n mens moet kies.

Gesels met 'n kundige raadgever hieroor. Dit gaan oor meer as die dekking. Dit gaan ook oor belasting, vererwing en opvolgerbeplanning.

► Nico van Gijsen CFP® is die besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Hulp met Kleinsake, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of stuur e-pos na nico@finlac.com.